

# Mn48 (EDMS.) BPK.

## AGTERGRONDINLIGTINGSDOKUMENT VIR DIE KONSOLIDASIE VAN DIE Mn48-MYNREGGEBIED EN DIE KHWARA MYNREGAANSOEKGEBIED EN VERANDERINGE AAN DIE GOEDGEKEURDE UITLEG VAN OPPERVLAKINFRASTRUKTUUR

SEPTEMBER 2020

### INLEIDING

Mn48 (Edms.) Bpk. (die eertydse Lehating Mining (Edms.) Bpk.) (Mn48) beskik oor 'n mynreg (MR), 'n goedgekeurde Omgewingsbestuursprogramverslag (OBPv) en 'n Omgewingsmagtigings (OM) vir die ontwikkeling van 'n nuwe ondergrondse mangaanmynboubedrywigheid naby Black Rock in die Joe Morolong Plaaslike Munisipaliteit, wat geleë is in die John Taolo Gaetsewe Distriksmunisipaliteit, Noord-Kaapprovinsie. Die goedgekeurde myn sal geleë wees op 'n gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Lehating 741. In Februarie 2020, het Mn48 (Edms.) Bpk. sy naam verander van Lehating Mining (Edms.) Bpk. na Mn48 (Edms.) Bpk. (Mn48) en alle toekomstige verwysings na die maatskappy sal Mn48 wees.

Reg langs en suid van die Mn48 MR-gebied, beskik Khwara Manganese (Edms.) Bpk. (Khwara) oor 'n goedgekeurde OM vir die ondergrondse ontginning van mangaan en ystererts in, op en onder Gedeelte 2 van die plaas Wessels 227 en mangaanerts in, op en onder die Restant en Gedeelte 3 en 4 van die plaas Dibiaghomo 226 (Khwara MR-aansoekgebied). Die Khwara OM is toegestaan ingevolge Khwara se aansoek om 'n mynreg en 'n OM ten opsigte van die Khwara MR-aansoekgebied. Die Khwara MR-aansoek word nog deur die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie (DMHE) verwerk. Toegang tot die ondergrondse mangaanhulpbron in die Khwara MR-aansoekgebied sal aan die hand van Mn48 se goedgekeurde oppervlakinfrastruktuur verkry word. Met betrekking hiertoe sal geen oppervlakinfrastruktuur op die eiendomme in die Khwara MR-aansoekgebied opgerig word nie. Behalwe vir die aanvanklike ontbossing van die terreine, is geen oppervlakinfrastruktuur tot op hede opgerig nie.

Mn48 doen nou aan die hand om die Mn48 MR-gebied en die Khwara MR-aansoekgebied en verwante OBPv's en OM's te konsolideer. Daarbenewens moet die goedgekeurde uitleg van oppervlakinfrastruktuur wat op 'n gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Lehating 741 geleë is, gewysig word om voorsiening te maak vir die gekonsolideerde bedrywigheede ná die uitkoms van die Bankwaardige Uitvoerbaarheidstudie.

### OMGEWINGSMAGTIGINGSPROSES

Vóór die aanvang van die projek, word die volgende vereis:

- 'n Gewysigde en gekonsolideerde OBPv van die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie (DMHE) af ingevolge Artikel 102 van die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleum Hulpbronne (Wet 28 van 2002) (MPRDA) soos gewysig;
- 'n Omgewingsmagtigings van die DMHE af ingevolge die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998) (NEMA), soos gewysig, vir bedrywigheede in

Lyskennisgewing 1 (Staatskennisgewing R983 van 2014, soos gewysig) en Lyskennisgewing 3 (Staatskennisgewing R985, soos gewysig). Die Regulasies op Omgewingsimpakevalueringe wat gevolg word, is Staatskennisgewing R982 van 4 Desember 2014, soos gewysig;

- 'n Geïntegreerde Watergebruiklisensie (IWUL) van die Departement van Menslike Nedersettings, Water en Sanitasie (DMNWS) af, ingevolge die Nasionale Waterwet (Wet 36 van 1998) (NWW). Die Regulasies wat vir hierdie projek gevolg word, is Staatskennisgewing R267 van 2017 vir die Prosedurele Vereistes vir WUL-aansoeke; en
- 'n Afvalbestuurslisensie van die DMHE af ingevolge die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur: Afval (Wet 59 van 2008) (NEM:WA) vir bedrywigheede in Kategorie A (Staatskennisgewing R921 van 2013).

### DOEL VAN HIERDIE DOKUMENT

Hierdie dokument is opgestel deur SLR om u toe te lig oor:

- die beoogde projek;
- die projekgebied se huidige (grondlyn-) omgewing;
- die omgewingsmagtigingsproses wat gevolg word;
- moontlike omgewings-/kultuur-/sosio-ekonomiese impakte; en
- hoe u insette in die omgewingsmagtigingsproses kan lewer.

SLR Consulting (South Africa) (Edms.) Bpk. (SLR), 'n onafhanklike firma van omgewingskonsultante, is aangestel om die omgewingsmagtigingsproses te bestuur.

### U ROL

U is as 'n belangstellende en/of geaffekteerde party (B&GP) geïdentifiseer wat moontlik ingelig wil word oor die beoogde projek en insae in die omgewingsmagtigingsproses en -verslae wil hê.

U het 'n geleentheid om hierdie dokument na te gaan en om u aanvanklike kommentaar aan SLR te stuur vir insluiting in die omgewingsmagtigingsproses. U sal ook die geleentheid kry om die Basiese Evalueeringsverslag (BEV) na te gaan en om kommentaar daarop te lewer. Alle kommentaar sal aangeteken en ingesluit word in die verslae wat by die DMHE ingedien gaan word vir besluitneming.

### HOE OM TE REAGEER


Reaksie op hierdie dokument kan ingedien word by wyse van die aangehegte kommentaarvorm en/of deur kommunikasie met die onderstaande persoon.

### WIE OM TE KONTAK

Gugu Dhlamini

Tel: 011 467 0945, faks: 011 467 0978 of

e-pos: [gdlamini@slrconsulting.com](mailto:gdlamini@slrconsulting.com)



- Sleutel**
- Gekonsolideerde Mynreggebied
  - Khwara Mynreg-aansoekgebied
  - Bestaande Mn48 Mynreggebied
  - Hoofpaaie
  - Riviere en Strome
  - 20m Kontoerlyne
  - Plaasgrense
  - Plaasgedeeltes
  - Voetspoor van Beoogde Infrastruktuur
  - Belyning van Goedgekeurde Infrastruktuur



Scale: 1 : 60 000 @ A3  
 Projection: Transverse Mercator  
 Datum: Hartebeeshoek, Lo23

Mn48 (Pty) Ltd

**Figuur 1**

**Liggingskaart**



SLR Consulting (Africa) (Pty) Ltd  
 P O Box 1596, Cramerview, 2060, South Africa  
 Tel: +27 (11) 467-0945 Fax: +27 (11) 467-0978

**OORSIG VAN DIE PROJEK**

Mn48 beskik oor 'n Mynreg en goedgekeurde OBPv vir die ontwikkeling van 'n nuwe ondergrondse mangaanmynboubedrywigheid wat op 'n gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Lehating 741 geleë is. Terwyl vroeë werke om die terrein te ontbos reeds plaasgevind het, is oppervlakinfrastruktuur nog nie op hierdie plaas opgerig nie.

Khwara Manganese (Edms.) Bpk. (Khwara) beskik oor 'n goedgekeurde OBPv vir ondergrondse ontginning van mangaan- en ystererts in, op en onder Gedeelte 2 van die plaas Wessels 227 en mangaanerts in, op en onder die Restant en Gedeelte 3 en 4 van die plaas Dibiaghomo 226 (Khwara MR-aansoekgebied). Die Khwara OM is toegestaan ingevolge Khwara se aansoek om 'n mynreg en 'n OM ten opsigte van die Khwara MR-aansoekgebied. Die Khwara MR-aansoek word nog deur die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie (DMHE) verwerk. Toegang tot die ondergrondse mangaanhulpbron in die Khwara MR-aansoekgebied sal aan die hand van Mn48 se goedgekeurde oppervlakinfrastruktuur verkry word. Met betrekking hiertoe sal geen oppervlakinfrastruktuur op die eiendomme in die Khwara MR-aansoekgebied opgerig word nie.

Mn48 doen nou aan die hand om die Mn48 MR-gebied en die Khwara MR-aansoekgebied en verwante OBPv's en OM's te konsolideer. Daarbenewens moet die goedgekeurde uitleg van oppervlakinfrastruktuur wat op 'n gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Lehating 741 geleë is, gewysig word om voorsiening te maak vir die gekonsolideerde bedrywigheid ná die uitkoms van die Bankwaardige Uitvoerbaarheidsstudie. Die verwante wysigings aan infrastruktuur sluit in die:

- uitbreiding van die voetspoor van die goedgekeurde Afvalkliphooft (AKH);
- toevoeging van 'n tweede Besoedelingsbeheerdam (BBD) en die verskuiwing van die voetspoor van die reeds-goedgekeurde BBD;
- algemene herkonfigurasie van goedgekeurde oppervlakinfrastruktuur op 'n gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Lehating 741;
- hersiening van die terrein se Stormwaterbestuursplan (SWBP) weens die veranderinge aan die uitleg van die oppervlakinfrastruktuur; en
- oprigting van beoogde nuwe steuninfrastruktuur, soos 'n helikopterlandingsblad en weegbrug.

Die algehele voetspoor van die bogenoemde wysigings sal sowat 9 hektaar (ha) in omvang wees.

Benewens die bogenoemde, spesifiseer die goedgekeurde Mn48 OBPv die behoefte vir 'n Uitskotbergingsaanleg (UBA). 'n UBA sal nie meer nodig wees nie en verwysing daarna sal as deel van hierdie projek verwyder word.


Die Mn48 mynontwikkeling sal in 2022 begin. Die ondergrondse hulpbron in die Khwara MR-aansoekgebied sal van die noorde af ontgin word en die gekombineerde beplande lewensduur van beide die Khwara- en Lehatinghulpbron sal sowat 23 jaar wees. met die potensiaal om dit tot 28 jaar te verleng,

afhangelend van die lewensvatbaarheid van hulpbronne op aangrensende eiendomme.

**OORSIG VAN PROSES**

'n Konseptuele hoëvlak prosesvloeiagram word hieronder uiteengesit:

1. Mangaanerts word met ondergrondse springwerk losgemaak en via die vertikale skag na die oppervlak gehys.
2. Die erts gaan deur verskeie stadiums van vergruising en sifting.
3. Klontertige produk en fynstof word apart opgestapel en dan per pad van die myn af vervoer, hetsy direk na die hawe by Saldanhabaai, of na 'n eksterne voorraadhoop en laaifasiliteit 30 km van die myn af, van waar dit dan per spoor hawe toe vervoer sal word.



**MOTIVERING VIR DIE BEOOGDE PROJEK**

Om die Mn48 mynreggebied en die Khwara MR-aansoekgebied en ooreenstemmende OBPv's en OM's en die verwante optimalisering van goedgekeurde oppervlakinfrastruktuur te konsolideer, sal verbeterde lewensvatbaarheid en bedryfsdoeltreffendheid moontlik maak.

## PROJEKALTERNATIEWE

As deel van sy BUS het Mn48 verskeie tegnologie-alternatiewe oorweeg, byvoorbeeld die ontwikkeling van 'n skuinshellende skaf af teenoor 'n vertikale skagstelsel en ondergrondse teenoor bogrondse vergruising. Terreinuitleg-alternatiewe is beperk, omdat dat die ertsliggaam is waar dit is en die konfigurasie van oppervlakinfrastruktuur dienooreenkomstig beplan word. Verdere bespreking met betrekking tot alternatiewe sal in die BEV gebied word.

## STATUS VAN HUIDIGE OMGEWING

Hierdie afdeling bied 'n basiese beskrywing van die beoogde projekgebied se huidige status.

- **Geologie:** Maak deel uit van die Kalahari Mangaanveld.
- **Klimaat:** Gekenmerk deur seisoenale reënval, warm temperature in die somer en kouer temperature in die winter.
- **Topografie:** Betreklik plat gebied met 'n geleidelike helling in die rigting van die Kurumanrivier.
- **Grondsoorte en grondvermoë:** Lae verbouingspotensiaal weens die hoë infiltratietempo's en hoogs-erodeerbaar weens 'n lae klei-inhoud.
- **Plantlewe:** Kathu-bosveld plantesoort, gekenmerk deur oop savanna met *Vachellia erioloba* (kameeldoringboom) en *Boscia albitrunca* (witgatboom) as die prominente bome. Suidelike Kalahari Mekkacha, gekenmerk deur yl, verspreide grasvelde, rietgraslande en kort kruievelde wat oorheers word deur warmseisoengrassie op die bodem van droë rivierlope.
- **Dierlewe:** Weens die teenwoordigheid van omliggende mynbou, prosperteerwerke en boerderybedrywighede, is daar baie min bewyse van wilde dierbevolkings wat met die algemene gebied en die beoogde projekgebied geassosieer word.
- **Oppervlakwater:** Die efemere Kurumanrivier loop deur die mynreggebiede. Daar is geen derdeparty-afhanklikheid van oppervlakwater nie.
- **Grondwater:** Die hoeveelheid en gehalte van grondwater is beïnvloed deur bestaande mynboubedrywighede in die breër gebied. Die meeste van die derdepartyboorgate in en om die projekgebied word vir huishoudelike gebruik en veesuipings gebruik.
- **Luggehalte:** Omringende luggehalte is beïnvloed deur naburige myne, die verbranding van huishoudelike brandstof en voertuie se uitlaatgasse.
- **Geraas:** Die breër gebied word oor die algemeen gekenmerk deur landelike eienskappe en is nie blootgestel aan verhoogde geraasvlakke nie. Geraasvlakke in die beoogde projekgebied word hoofsaaklik deur omliggende boerderybedrywighede, plaaslike verkeer en mynboubedrywighede veroorsaak.
- **Visueel:** Hoewel verskeie mynbouverwante strukture die landskap na die suide toe oorheers, word die algehele omliggende toneel gekenmerk deur die Kurumanrivierkanaal en gepaardgaande sandduine, oop uitsigte met weivelde en gepaardgaande aktiwiteite.
- **Erfenis-/Kultuur- en paleontologiese hulpbronne:** Twee baie laedigheid verspreidingsgebiede van litiese artefakte is in die projekgebied, met die Kurumanrivier langs, waargeneem. Dit word as van lae belang geag en die projek sal nie 'n impak daarop hê nie. Die projekgebied se paleontologiese sensitiwiteit is laag, hoewel daar 'n moontlikheid is dat daar Stromatoliete in die projekgebied kan wees.
- **Sosio-ekonomies:** Die algemene gebied word gekenmerk deur 'n hoë werkloosheidsvlak en 'n afhanklikheid van bestaanslandbou en die mynbousektor met elektrisiteit as 'n bron van energie in die gebied. Mynbou en staatsdienste is die primêre ekonomiese sektore.
- **Grondgebruik:** Grondgebruik in die mynreggebiede sluit in 'n kombinasie van weiding vir lewendehawe, wildsboerdery en ylgesaaide wonings.

## POTENSIELE OMGEWINGS-/KULTUUR-/SOSIO-EKONOMIESE IMPAKTE

Potensiele impakte wat geïdentifiseer is en as deel van die omgewingsimpakevalueringproses ondersoek sal word, verskyn in die tabel hieronder. Waar spesialisinsette benodig word, is dit ook aangedui in die tabel hieronder.

Aspek	Potensiele omgewings-/kultuur-/sosio-ekonomiese impak	Spesialisinset (waar nodig)
Geologie	Die sterilisasie van minerale hulpbronne deur die storting van minerale hulpbronne op geminaliseerde afvalaanlegte. Dit is onwaarskynlik, gegewe dat die goedgekeurde AKH-voetspoor net effens vergroot sal word. Daar moet ook op gelet word dat die verwante impakte wat verband hou met die sterilisering van die hulpbron, selfs verminder kan word as die UBA nie meer ontwikkel gaan word nie.	Kwalitatief geëvalueer
Topografie	Potensiaal om topografie verder te verander deur 'n vergroting van die afvalaanleg se voetspoorgebied. Dit is onwaarskynlik, aangesien die beoogde veranderinge aan oppervlakinfrastruktuur na verwagting nie nuwe gevaarlike aanlegte sal inhou nie. Daar moet ook op gelet word dat die verwante impakte wat verband hou met die	Kwalitatief geëvalueer

Aspek	Potensiële omgewings-/kultuur-/sosio-ekonomiese impak	Spesialisinset (waar nodig)
	topografie, selfs verminder kan word as die UBA nie meer ontwikkel gaan word nie.	
Grondsoorte en grondvermoë	Potensiaal om grondhulpbronne nadelig te beïnvloed deur erosie, kompaksie en/of besoedeling en die gepaardgaande natuurlike vermoë van die grond deur 'n vergroting van die afvalaanlegte se voetspoor. Die verwante impakte sal na verwagting beperk wees, gegewe dat die beplande veranderinge aan infrastruktuur na verwagting geen nuwe bronne van versteuring/besoedeling sal inhou nie, en die uitbreidings van die goedgekeurde infrastruktuur se voetspoor sal beperk wees. Daarbenewens kan die verwydering van die UBA uit die projek dit moontlik maak dat grondverwante impakte verminder kan word.	Studie van grond en grondvermoë
Biodiversiteit	Potensiaal om plantegroei, habitateenhede en verwante ekosisteenfunksionaliteit te versteur en/of te vernietig deur 'n vergroting van die afvalaanlegte se voetspoor. Die verwante impakte sal na verwagting beperk wees, gegewe dat die beplande veranderinge aan infrastruktuur na verwagting nie nuwe bronne van versteuring/besoedeling sal inhou nie, en die uitbreidings van die voetspoor beperk sal wees. Daarbenewens kan die verwydering van die UBA uit die projek dit moontlik maak dat biodiversiteitverwante impakte verminder kan word.	Ter plaatse biodiversiteitstudie
Oppervlakwater	Potensiële toename in afloopindamming wat die natuurlike dreineringspatrone kan verander en die toename in besoedelingsbronne wat oppervlakwaterhulpbronne kan besoedel. Die verwante impakte sal na verwagting beperk wees, gegewe dat die SWBP (stormwaterbestuursplan) geoptimaliseer sal word om die gewysigde uitleg van oppervlakinfrastruktuur te steun en potensiële impakte te beperk.	Hidrologiese studie
Grondwater	Potensiële toename van bestaande besoedelingsbronne deur die vergroting van die afvalfasiliteite se voetspoor wat grondwaterhulpbronne kan besoedel, wat 'n impak op die beskikbaarheid aan omliggende gebruikers van grondwater kan hê. Die verwante impakte sal na verwagting minimaal wees, gegewe dat die uitgebreide voetspoor van afvalfasiliteite (AKH, BBD) beperk sal wees. Daarbenewens verminder die verwydering van die UBA die potensiaal vir grondwaterimpakte om op te duik.	Grondwaterstudie en afvalevaluering
Lug	Toename in emissies wat potensieel 'n negatiewe impak op omringende luggehalte kan hê. Die verwante impakte sal na verwagting beperk wees, gegewe dat die beoogde veranderinge aan infrastruktuur na verwagting nie nuwe bronne van lugbesoedeling sal inhou nie.	Luggehaltestudie
Geraas	Potensiële toename in steurende geraasvlakke weens voertuie wat bedryf word. Die verwante impakte sal na verwagting beperk wees, gegewe dat die beoogde veranderinge aan infrastruktuur na verwagting nie nuwe bronne van geraasbesoedeling sal inhou nie.	Kwalitatief geëvalueer
Visueel	Potensiële bydrae tot die negatiewe visuele uitsigte. Die verwante impakte sal na verwagting beperk wees, gegewe dat die beoogde veranderinge aan infrastruktuur na verwagting nie nuwe bronne van visuele inbreuk sal inhou nie. Daar moet ook op gelet word dat die verwante impakte wat verband hou met visuele inbreuk, selfs verminder kan word omdat die UBA nie meer ontwikkel gaan word nie.	Visuele studie
Erfenis-/Kultuur- en paleontologiese hulpbronne	Die potensiaal om erfenis-/kultuur- en paleontologiese hulpbronne te beskadig. Die verwante impakte sal na verwagting minimaal wees, gegewe dat die uitbreidings van die goedgekeurde infrastruktuurvoetspoor beperk sal wees.	Erfenis-/Kultuur- en paleontologiese studie
Sosio-ekonomies	Die potensiaal om by te dra tot positiewe en negatiewe sosio-ekonomiese impakte. Die verwante negatiewe impakte sal na verwagting minimaal wees, gegewe dat die omvang en skaal van die beplande wysigings beperk is. Die wysigings sal die lewensvatbaarheid van die mynbouprojek verbeter, wat groter versekering van indiensnemingsvooruitsigte bied.	Sosio-ekonomiese studie
Verkeer	Die potensiaal om negatief by te dra tot padversteuring en verkeersveiligheid. Die verwante impakte sal na verwagting beperk wees, gegewe dat daar geen wesenlike toename in verkeer as gevolg van die beplande wysigings sal wees nie.	Verkeerstudie

## OMGEWINGSMAGTIGINGSPROSES

Die omgewingsmagtigingsproses:

- bied inligting oor die projek en die omgewing waarin dit onderneem word;
- identifiseer die potensiële negatiewe en positiewe omgewings-/kultuur-/sosio-ekonomiese impakte van die beoogde projek in oorleg met B&GP's; en
- doen verslag oor bestuursmaatreëls wat benodig word om impakte tot op 'n aanvaarbare vlak te versag en inkorporeer vereistes vir moniteringsprogramme (waar nodig).

Die proses se waarskynlike stappe en tydsraamwerke word hieronder uiteengesit.

### STAPPE IN DIE MAGTIGINGSPROSES

#### FASE I – Voor-aansoekfase

September 2020

- Voor-aansoekvergadering met die DMHE en DMNWS.
- Stel ander owerhede wat kommentaar lewer en B&GP's in kennis van die beoogde projek en omgewingsevalueringsproses (deur koerantadvertensies, terreinkenningsgewings en hierdie dokument).

#### FASE II – BEV-fase

September tot November/Desember 2020

- Indiening van aansoek om geïntegreerde Omgewingsmagtiging (NEMA/NEM:WA) by die DMHE.
- Opstel van BEV en opsomming en verspreiding aan B&GP's en owerhede wat kommentaar lewer vir 30-dae insaetydperk.
- Bywerking van die BEV met enige kommentaar wat tydens die openbare insaetydperk ontvang is.
- Indiening van BEV (met insluiting van kommentaar wat tydens die insaetydperk geopper is) by die DMHE vir besluitneming (107-dae afgekondigde besluitnemingstydperk).
- Sirkulering van besluite aan B&GP's wat op die projek se databasis geregistreer is.

#### FASE III – IWUL-fase

(Eerste kwartaal van 2021)

- Indiening van die IWULA by die DMNWS.
- Opstel van tegniese dokumentasie ter staving van die IWULA (spesialisstudies en die Geïntegreerde Water- en Afvalbestuursplan) en lê voor aan B&GP's en owerhede wat kommentaar lewer vir 30-dae oorsigtydperk.
- Bywerking van die IWULA tegniese dokumentasie met enige kommentaar wat tydens die openbare insaetydperk ontvang is.
- Indiening van die bygewerkte IWULA tegniese dokumentasie (met insluiting van kommentaar wat tydens die insaetydperk geopper is) by die DWS vir besluitneming (139-dae afgekondigde oorsigtydperk).
- Sirkulering van besluit (en die appèlproses) aan B&GP's wat op die projek se databasis geregistreer is, en wel binne 14 dae nadat die besluit uitgereik is.

## PARTYE BETROKKE BY DIE OMGEWINGSMAGTIGINGSPROSES

### B&GP's

- \* Omliggende grondeienaars, grondgebruikers en gemeenskapsforums
- \* Omliggende myne en nywerhede
- \* Semi-staatsinstellings

### BEVOEGDE OWERHEDE

- \* Noord-Kaapse Streek van die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie (DMHE)
- \* Noord-Kaapse Departement van Water en Sanitasie (DWS)

### OWERHEDE WAT KOMMENTAAR LEWER

- \* Noord-Kaapse Departement van Omgewingsake en Natuurbewaring (DENC)
- \* Noord-Kaapse Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF)
- \* Suid-Afrikaanse Provinsiale Erfenisulpbrongeskapskap (SAHRA)
- \* Noord-Kaapse Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming (DRDLR) – met insluiting van die Kommissaris van Grondeise
- \* Noord-Kaapse Departement van Paaie en Openbare Werke

### PLAASLIKE OWERHEDE

- \* Joe Morolong Plaaslike Munisipaliteit (met insluiting van wyksraadslid vir Wyk 4)
- \* John Taolo Gaetsewe Distriksmunisipaliteit

Verwittig ons asseblief as daar nog partye is wat betrokke moet wees.

Mn48 (EDMS.) BPK.

AGTERGRONDINLIGTINGSDOKUMENT VIR DIE KONSOLIDASIE VAN DIE Mn48-MYNREGGEBIED EN DIE KHWARA  
MYNREGAANSOEKGEBIED EN VERANDERINGE AAN DIE GOEDGEKEURDE UITLEG  
REGISTRASIE- EN ANTWOORDBLAD VIR BELANGSTELLEDE EN GEAFFEKTEERDE PARTYE

DATUM		TYD	
BESONDERHEDE VAN BELANGSTELLEDE EN GEAFFEKTEERDE PARTY			
NAAM			
POSADRES			
		POSKODE	
STRAATADRES			
		POSKODE	
TELEFOONNOMMER BY DIE WERK/BEDAGS		FAKSNOMMER BY DIE WERK/BEDAGS	
SELFOONNOMMER		E-POSADRES	

MAAK ASSEBLIEF U BELANG BY DIE BEOOGDE PROJEK BEKEND

--

SKRYF U KOMMENTAAR EN VRAE ASSEBLIEF HIER NEER

--

Stuur ingevulde vorms asseblief terug aan:

Gugu Dhlamini

SLR Consulting (South Africa) (Edms.) Bpk.

Tel: 011 467 0945 en/of faks: 011 467 0978

E-pos: [gdhlamini@slrconsulting.com](mailto:gdhlamini@slrconsulting.com)